



## TOULEIER



## Ek het 'n slegte rekord met katte . . .

**H**allo julle, mag gesondheid ons gereelde maatjie wees en voorspoed ons heel jaar verveel. Vir my hier in Katar is dit die jaar van die kat. Julle sal seker die foto's onthou in die laaste Kammanuus van die kat en die hond wat so gereeld saam gaan wandel.

Daardie storie het my nou finaal oortuig dat katte baie slimmer is as wat ons hulle toegee. Sommer baie meer.

Ek wil dit vandag aan die groot klok hang dat katte nie net moers slim is nie, maar dat hulle selfs telepaties oor lang afstande met mekaar kommunikeer. Van die Egiptiese tye af al het mense te veel respek vir die goed. Ek vra myself af hoe anders het die katte van Doha dan die boodskap gekry oor my swak rekord met katte in Duskantland?

Wag, voordat ek verdink word van 'n kathater wees, dis nie dat ek die goedjies meer haat as wat nodig is nie, ek het net 'n paar onderonsies met hulle agter die rug wat my baie katvoet maak.

Katte is vreeslik windgat. Wanneer mens 'n kat die eerste keer ontmoet, word jy mos aangekyk asof hy vra: "Wat het die hond nou weer hier ingedra?" Snaaks hoe hulle mos ook dadelik kom aanvryf, juis by diegene wat nuutwolbroeke aan het, die soort wat dadelik die kathare wys. Of die wat allergies is vir katte, of bloot net nie van hulle hou nie. Dis mos dêm aspris as jy my vra.

Ek en Kamermaatjie se eerste poging as kateienaars was destyds in 1980. Haar naam was Smudge, 'n pragtige driekleurkatjie. Dit was in Stilfontein in die Wes-Transvaal.

Gou het sy egter verander in 'n plat kat op die N12 agter ons huis. Nie my skuld nie.

Kort daarna bring ek twee grys katjies van die myn af in 'n kartondoos sodat Annabelle kon kies watter een sy van hou. Iemand het my juis net voor dit vertel dat mens 'n hond en 'n kat aan mekaar moet gewoond maak deur hul neuse teen mekaar te vryf.

Ek stel voor dat Kamermaatjie die metode probeer met Sheba, ons Dobermann, en ek is vort om te gaan muurbal speel. Weer is ek feitlik onskuldig aan wat gevolg het, maar die kattenasie wil dit blykbaar nie glo nie, soos weldra sal duidelik word uit wat hier in Katar met my aan't gebeur is.

Maar terug Stilfontein toe. Ek was net besig om die beslissende pot muurbal te verloor toe ek omkyk en Kamermaatjie daar sien staan, trane wat oor haar wange stroom. Sy babbel onsamehangend terwyl ek die nat snotjies afvee. Ek probeer paai maar dit help niks nie. Dit klink of daar dood in die familie is en ek wys vir JC ek sal moet ry, ons sal maar die muurbal eers moet los vir later.

Op pad huis toe kry ek dit uit haar uit dat dit iets met die hond en die kat te doen het. Sheba het blykbaar nie kon wag vir die voorgestelde formele ontmoeting nie en toe Annabelle nog dink sy maak die boks versigtig oop, toe duik Sheba in, kop eerste.

So met die indraai by die huis vertel sy my dat die katjie miskien nog lewe en begin weer onbeheersd snik. Nou kyk, as enige iemand of iets, behalwe ek, my Kamermaatjie laat huil, dan word ek heeltemal onredelik. Die kar ruk nog skaars dood of ek storm daardie huis binne ...

Ongelukkig is ons uit ruimte die week en sal ek hierdie katastrofe eers volgende keer verder kan vat. Tot dan, groete uit Doha.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur



## KLIPKUNS

### Vreemde feite

♦ IN 1811 en 1812 het drie aardbewings met 'n sterkte van rondom 8 veroorsaak dat die Mississippiriver agteruit gevloei het. Dieselfde aardbewings het die Reelfoot-meer in Tennessee laat ontstaan.

♦ DIE diepste gat wat deur mense gebore is, is die Kola Superdiep in Rusland. Dit het 'n diepte van 12,261 meter bereik. Dit was 'n oefening in wetenskaplike navorsing. (Kimberley se gat is 215 meter diep.)

♦ DIE kortste pleknaam is Å en word in Swede en Noorweë gevind. Dit beteken "rivier." Die padtekens vir die dorp word dikwels vir hul vreemdheidswaarde gesteel.

## Afrikaanse woorde wen veld in Engels

Die leen en gebruik van Engelse woorde in Afrikaans is tans nogal 'n brandpunt, maar dit is tog interessant dat ontlening nie 'n eenrigtingstraat is nie.

In OUP SA se tweede uitgawe van die 'Oxford South African Concise Dictionary' erken ons byvoorbeeld ongeveer 300 woorde van Afrikaanse herkoms as aanvaarbaar vir gebruik (in wisselende registers) in Suid-Afrikaanse Engels.

**Hier's 'n paar voorbeelde, net uit B:**

bakkie, beskuit, biltong, blaps, bobotie, boeremusiek, boeresport, boerewors, boet, bok, boomslang, bosberaad, bossies, braai, brak, bredie en bult.

Daar's ook 'n hele klomp ander Afrikaanse woorde wat tans op die Taalkommissie se dophoulys is en wat oorweeg word vir opname in nuwe woordeboekuitgawes as behorende tot Suid-Afrikaanse Engels, bv. brannas, gees, kwaai en sokkie.



## Die herkoms van ons gesegdes (20)

**Lewer:** Wat het oor jou lewer geboop? (Hoekom is jy so nukkerig?)

Die lewer is beskou as die setel van die toom in jou liggaam, net soos die hart die setel van die liefde is. As iets dus oor jou lewer gebop het, het jy kwaad geword.

**Lieplapper:** 'n Lieplapper ('n nikswerd persoon)

Die woord se oorsprong is Nederlands liplap, 'n persoon in Indië gebore van Europese ouers; voor 1622 ook "kleurling". Swak karaktertrekke is dikwels aan vreemdelinge toegeskryf, vergelyk byvoorbeeld die Romeinse barbarus en Griekse barbaros, "vreemdeling wat nie van die beskaafde volk is nie".

**Links:** Iemand (iets) links laat lê (iemand (iets) verontagsaam, verwaarloos) Die woord links het talle eeue lank 'n ongunstige betekenis gehad, terwyl regs gunstig was. Om iemand dus links te laat lê, was om hom sleg te behandel.

**Links:** Nie links wees nie (dadelik begin)

Links in hierdie verband beteken "onhandig, onbekwaam, dom".

**Loef:** Iemand die loef afsteek (iemand voorspring; iemand wen)

Die loef is 'n verkorting van Nederlands loefzijde, die windkant van die boot. Om iemand se loef af te steek, het beteken om aan sy windkant, dus bo die wind, by hom verby te seil. Op dié manier het 'n mens die wind uit sy seile geneem en het sy boot vaart verloor.



Hier is 'n paar egte stommiteite wat in verskillende Britse vasvra-programme opgeduik het.

## Blitsige Britse Breine

Jamie Theakston: "Waar dink jy is Cambridge Universiteit?"

Deelnemer: "Geografie is nie my sterk punt nie."

Theakston: "Komaan, daar is 'n wenk in die naam."

Deelnemer: "Leicester?"



Stewart White: "Wie het 'n wêreldwye treffer gehad met die titel What a Wonderful World?"

Deelnemer: "Ek weet nie."

White: "Ek sal jou 'n paar leidrade gee. Wat noem jy die deel tussen jou hand en jou elmboog?"

Deelnemer: "Arm."

White: "En as jy nie swak is nie, is jy . . .? (Onthou, dis in Engels.)"

Deelnemer: "Strong."

White: "Korrekt. En wat was lord Mountbatten se eerste naam?"

Deelnemer: "Louis."

White: "Reg. Sit hulle nou bymekaar. Wie het die wêreldtreffer What a Wonderful World gesing?"

Deelnemer: "Frank Sinatra?"



Alex Trelinski: "Wat is die hoofstad van Italië?"

Deelnemer: "Frankryk."

Trelinski: "Nee. Frankryk is 'n land. Wat is die hoofstad van Italië?"

Deelnemer: "Benidorm."

Trelinski: "Verkeerd. Kom ons probeer 'n ander vraag. Waar kry jy die Parthenon?"

Deelnemer: "Jammer, ek weet nie."

Trelinski: "Raai enige land."

Deelnemer: "Parys."



DJ Mark: "Vir tien punte: Wat is die pous se nasionaliteit?"

Deelnemer: "O, ek dink ek ken daai een. Is hy 'n Jood?"



Aanbieder: "Wat het op 22 November 1963 in Dallas, Texas gebeur?"

Deelnemer: "Ek weet nie. Ek het nie toe gekyk nie."



Phil Wood: "Wat is die vierkantswortel van 11?"

Deelnemer: "Ek weet nie."

Wood: "Kom ek gee jou 'n wenk: Dis twee ene met 'n twee in die middel."

Deelnemer: "Is dit vyf?"



Aanbieder: "Watter land het die grootste Spaanssprekende bevolking?"

Deelnemer: "Barcelona?"

Aanbieder: "Ek soek eintlik die naam van 'n land."

Deelnemer: "O. Ek ken geen lande in Spanje nie."



James O'Brien: "Hoeveel Engelse konings het die naam Henry gehad?"

Deelnemer: "O, ek weet van Henry die Agtste." Hmm - drie?"



Chris Seale: "In watter Europese land is Berg Etna?"

Inbeller: "Japan."

Seale: "Nee, luister mooi: In watter Europese land?"

Inbeller: "Meksiko."



Paul Wappat: "Hoe land het die Sesdaagse Oorlog tussen Israel en Egipte geduur?"

Deelnemer: (Na 'n lang pouse.) "Veertien dae?"

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



Naby Lydenburg – die foto op FB wat 'n herrie veroorsaak het.

Daar was geld om die plek se naam na Mashishing te verander. Geld vir die pad nou glo op die volgende padbegroting.

## HOEKOM SO GROOT?

Die dronkie het by die kroeg uitgesteier. Dit was vroegmiddag en hy het moeilik op die syppadjie padgehou. 'n Ent verder was 'n vervoerlorrie besig om meubels by 'n huis in te dra.

Die werkers het 'n staanhorlosie versigtig opgetel en oor die syppadjie te dra toe Dronkie sy balans verloor, in hulle vassteier en die staanhorlosie op die grond laat beland.

"Jou onnosele dronkgat!" het een van hulle geskree. "Kyk nou net wat het jy gedoen!" Dronkie het plat bly sit en mompel toe:

"Wel, dis jou eie blerrie skuld dat jy so wil spog. Hoekom kan jy nie soos alle gewone mense net 'n polshorlosie dra nie?"

## LIEFLIKE AAND

"Ons gaan Saterdagmiddag 'n wonderlike aand hê," sê die ou vir sy meisie. "Ek het drie kaartjies vir die musical gekoop."

"Hoekom drie kaartjies?"

"Een vir jou pa, een vir jou ma en een vir jou broer."

## WAT IS SY GEHEIM?

Hulle het die dief gevang wat by die man se huis ingebreek het. Hy gaan toe polisiekantoor toe en vra om met die dief te gesels.

"Nee, meneer, jy sal jou kans kry wanneer hy in die hof verskyn," sê die sersant.

"Nee," sê die man, "jy verstaan nie. Ek wil net by hom hoor hoe hy dit reggekry het om na middag die trappe te klim en by ons kamer in te kom sonder dat my vrou hom hoor. Ek probeer dit al jare lank doen."

## OULIKE TANNIE

Die vrou koop brandewyn vir vrugtekoek.

Seun agter die geldlaai: "Drink tannie brandewyn? Tannie is cool!"

Vrou: "Nee, ek gooi dit oor my koek."

Seun: "Sjoe, dan is tannie flippen awesome!"

## OLIFANT EN KAMEEL

**Olifant:** "Kameel, hoekom is jou borste op jou rug?"

**Kameel:** "Dit is 'n goeie vraag vir iemand wie se tottie tussen sy oë sit!"

**'n Skinderstorie is nes 'n eier - as hy eers uitgebroei het, kry hy altyd vlerkies by.**

## DIS GAAF!

Ek was vanoggend vir my jaarlikse ondersoek by die hart-spesialis.

Die dokter vra my: "Drink jy?"

Ek sê toe: "Jinne, Dokter, dit sal gaaf wees. Wat het jy?"

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



# Poskoets

## Kammanuus se lesers gesels

### Dáái kalkoen kon ons nie eet nie!

**Jeanet Jacobs:**

Ja Hennie, ek was so 12 jr oud toe ons 'n mak kalkoen in die erf gehad het, sy het elke dag 'n eier gelê, een dag het ek die eier gebak en geëet, die ander dag my ouma. Toe wil my ma die kalkoen slag toe my pa verjaar het (11 Des.) en ek gryp die kalkoen uit die hok en hardloop met haar weg en ek huil sover ek hardloop, het amper daai dag nog pak gekry ook. Kon ook nie 'n hap inkry nie. Later jare het my kinders die hoenders name gegee, en nodeloos om te sê, daar was nooit 'n hoender van ons werf af geëet nie, Checkers, OK en Spar het ons maar van dié ou vleisie voorsien – dan voelek nie skuldig nie. Dankie dat jy jou kosbare hoenderstorie met my gedeel het!!Groete  
♦ *Pragtig Jeanette, jy het my soort humor. Ons het hoenders aangehou toe ek in Lesotho gewerk het op die hooglandskema. Eendag besluit ons om een van die ekker vet hennetjies te slag. Ek kon nie een happie vat nie. Ek het haar te goed geken!- Hennie*

### Sy het met 'n lei en griffie grootgeword

**Marie Sweetnam:**

Daai outjie wat sê die kinders van tot sowat 80 jr gelede het nog met kryt op 'n lei geskryf, het nou totaal hy/sy se veels tejonk ouderdom (om oor historiese dinge saam te gesels) ontbloot.

Ek is nog van die ou historiese kinders wat met 'n lei en 'n griffie skoolgegaan het. Die griffie was so 'n skraal grys pennetjie (seker maar 'n repie leiklip wat so rond gevorm was) en bietjie dunner en korter as 'n potlood, met 'n papiertjie om sy dun lyfie, en 'n stomp ronde puntjie. Mens kon dit ook later 'n bietjie skerper maak om fyner te kon skryf – die ou onderwysers het nog gegly aan skoonskrif – dis nou om mooi te kon skryf – wat die kinders met groot sorg moes beoefen. Daar was 'n spesiale periode vir die taak, want dit was baie belangrik om mooi en duidelik te kon skryf.

Die lei was van so 'n dun leiklip lagie en kon ook maklik kraak of breek so kinders het hulle leie baie goed opgepas – dit was tog die enigste "skryfboek" wat ons gehad het. Die lei het dan 'n duim breedte houtraampie reg rondom gehad en kinders moes nogal die raampie ook skoon skrop by tye sodat dit skoon en netjies lyk. Die lei moes skoongevee word nadat dit gebruik was en kinders het dan gewoonlik 'n botteltjie water en 'n lappie vir die proses skooltoe gebring. As jy nou regtig spoggerig wou wees en iemand het dit vir jou van die see af gebring, dan het jy 'n stukkie see-spons gehad in plaas van 'n lappie.

Maar al die arm kindertjies (en die meeste van hulle daardie jare van die 20s, 30s, en 40s was maar brandgat arm) het nie eens 'n botteltjie en 'n lappie kon saambring nie – lappies was gebruik om kleertjies mee te lap, of om lap-komberse mee te maak – soos vandag se "patchwork". Dan het hulle sommer met die spoegnat vinger die foute uitgevee maar die lei het dan ook gou so effe vetterig geword en dan het die griffie nie so helder geskryf nie.

Mens het alles wat die juffrou jou wou leer op die lei neergeskryf – jou sommetjies daarop gemaak, dan enige versies wat jy moes leer, of enige ander leerwerk wat juffrou op die bord geskryf het met haar wit kryt. Jy het ook jou somme huiswerk of spelling op die lei gedoen en dit dan versigtig skooltoe gedra sodat jou werk nou nie half uitgevee daar aangekom het nie.

Vandag nog het ek 'n klein lei en 'n griffie op my rakkie, net om my te herinner hoe bedruklik daardie dae was – vir ingeval ek nou wil grom en kerm oor een of ander tekort of ongemak. Ek het daarby saam nog 'n pen met 'n 'nib' en 'n botteltjie ink, en ook die wit inkpotjies wat in die skoolbank se gaatjie gepas het. Ja, ek was ook een van daardie kinders van Voor die Depressiejare en daama – wie kan ooit sulke knersende jare vergeet....

### Kammanuus herlees

**Alet Grobler**

Die dae toe ek nog gewerk het, het iemand my aan julle webwerf en nuusbrieff bekend gestel. Toe het ek nog bietjie meer sente in my sak gehad, en ek onthou ons het daardie jaar, dit moes omtrent 2005/2006 gewees het, vir die Abraham Kriel Kinderhuis 'n insamelingspoging gehad. Ek het een van die nuusbriewe huistoe gebring na my aftrede, en gister het ek dit weer herlees en besluit om te kyk wat met julle aan't gebeur is. Ek is bly ek het, en weet ek gaan al die kwinkslae en meeewing met ander baie geniet. En baie dankie vir die reuse-werk wat jy hier insit, so heeltemal vrywillig vir ander om te geniet.



# Uit die wakis

Stories vir die vaak



Ongehooflike kamoefling. Die sataniese linkerstert-geitjie van Madagaskar is 'n meester, maar dis nie al manier waarop hy hom teen aanvallers beskerm nie. Hy maak sy lyf platter teen die blare om sy skaduwee te verklein en maak sy kake wyd oop sodat sy intimiderende, rooi mond sigbaar is. Soos baie ander akkedisse kan hy sy stert verloor om sy aanvalleur te mislei.

## Waaroor al die bohaai?

Kommentaar in 'n Londense koerant tydens die Olimpiese Spele in 2012: Ek kan nie begryp al die ophef oor die Olimpiese 100 m finaal nie. Dis net soos enige ander Saterdagmiddag in Londen: Jy hoor 'n skoot afgaan, dan begin agt swart ouens vinnig weghardloop.

## Definisie

Agtergeblewene: Iemand wat tevergeefs by die bushalte staan en wag vir die bus wat hy gister aan die brand gestee het.

## MAN'S is eenvoudig net gelukkiger mense

Jou van bly staan as jy trou.  
 Die motorhuis behoort aan jou.  
 Trouplanne word vir jou gereël.  
 Sjokolade is net nog 'n versnapering.  
 Jy kan nie swanger raak nie.  
 Jy kan met 'n wit T-hemp in die see swem.  
 Jy kan s nder 'n T-jemp in die see swem.  
 Karmekennieks vertel jou die waarheid.  
 Die w reld is jou urinaal.  
 Jy hoef nie te stop om te dink in watter rigting jy  
 'n moer op 'n bout moet draai nie.  
 Jy kry meer geld vir dieselfde werk.  
 Plooie dra by tot jou karakter.  
 'n Trourok kos baie meer as 'n gehuurde pak klere.  
 Mense staar nooit na jou bors as jy met hulle praat nie.  
 Nuwe skoene druk of vermink nie jou voete nie.  
 Jy kry net een gemoedstemming op 'n keer.  
 Telefoongesprekke duur 30 sekondes op hul langste.  
 Vir 'n vakansie van vyf dae het jy net een klein koffertjie nodig.  
 Jy kan self goed se deksels afdraai.  
 As iemand vergeet om jou uit te nooi,  
 kan hy of sy steeds jou vriend wees.



## Die storie van Walking Eagle

Op 'n onlangse besoek aan Amerika - so loop die storie - het die gewese Britse premier Tony Blair en nou 'n Midde-Oosterse vredegesant van die VN twee uur lank gesels oor die bindende vrede wat tussen die Amerikaanse regering en die Noord-Amerikaanse Indiaanastamme bereik is.

Aan die einde van sy toespraak het die skare aan hom 'n plaket oorhandig waarop sy nuwe Indiaanse naam - Walking Eagle - geïnskrybeer was.

'n Baie ingenome Blair het toe in sy motoroptog vertrek en vir die skare gewuif.

'n Koerantman het later aan een van die Indiane gevra hoe hulle by die naam Walking Eagle uitgekom het.

Hulle het toe verduidelik dat Walking Eagle die naam is wat aan 'n voël gegee word wat so vol bolle is dat hy nie meer kan vlieg nie.



## Probleme met belasting

Ek het uiteindelik my belastingaanslag vir 2013 van die SAID teruggekry.

Nou is ek in die war!

Hulle bevraagteken die aantal afhanklikes waarvoor ek geëis het. Ek skat dit was oor my antwoord op die vraag: "Lys al jou afhanklikes."

Ek het geantwoord:

- ▶ 16 miljoen werkloos.
  - ▶ 8 miljoen onwettige immigrante.
  - ▶ 1,5 miljoen dwelmhandelaars.
  - ▶ Amper een miljoen in oorvol tronke.
  - ▶ 234 hopelose parlamentslede.
  - ▶ En 'n patetiese president met ses vroue en 22 kinders waarvan ons weet.
- Die SAID laat weet dit is nie korrek nie.

Ek hou aan om myself te vra: WIE HET EK UITGELAAT?

Lyk my die ouderdom maak my vergeetagtig!


**V:** Wat het met die plant in die wiskundeklas gebeur?

**A:** Hy het vierkantwortels gegroei.

## Wiskunde deur die jare



### 3. Vind $x$



**\* Wiskunde in die 1960's:**

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy produksiekoste is  $\frac{4}{5}$  van die prys. Wat is sy profyt?

**\* Wiskunde in die 1970's:**

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is  $\frac{4}{5}$  van die bedrag, of R80. Wat is sy profyt?

**\* Wiskunde in die 1980's:**

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is R80. Het hy 'n profyt gemaak?

**\* Wiskunde in die 1990's:**

'n Boer verkoop 'n bakkievrag vol brandhout vir R100. Sy uitgawes is R80 en sy profyt is R20. Opdrag: Onderstreep die syfer 20.

**\* Wiskunde in die 2013:**

'n Boer kap 'n pragtige woud af sodat hy 'n profyt van R20 kan maak. Voordat hy dit egter kan verkoop, word hy geskiet en sy bakkie gekaap. Die kaper verkoop die hout vir R50 en die boer se bakkie vir R800 en maak dus 'n wins van slegs R850. Opdrag: Verduidelik hoekom dit apartheid se skuld is.

# STAMBOOM

## Help ons familiespeurders

**BENECKE** renatalouw@gmail.com

Susanna Maria Benecke. Gebore September 1945. Sy het in Drie Riviere gebly.

**DE KOKER** truezilla.botha@tsogosun.com

David Mathys de Koker, gebore 22/06/1939. Afsterwe 23/03 200. Het in Johannesburg groot geword met n groot familie van heelwat susters en broers. Ek wil graag meer weet van die familie.

**HUGO** jnhugo@gmail.com

Johannes Nicolaas van Zyl. Hugo Daniel Willem Hugo. Spes bona Worcester.

**REYNECKE** tillie.vanwyk@gmail.net

Isak Jacobus en Magrietha Johanna Elizabeth gebore 27 November 1915. Albei oorlede 13 Nov.1967

**ROBERTS** amanda.dewaal11@gmail.com

Gert Roberts, Magrieta Agatha Roberts en Jaap Roberts. Broers en suster.

**STEYN** driekie.skein@gmail.com

Ek is op soek na inligting oor my ouma, Martha Maria Steyn, getroud met Frans Johannes van Dyk. Hulle het op Rysmierbult/Welverdiend gewoon.

**VAN DER SCHYFF** Amanda.dewaal11@gmail.com

Josef Hubert van der Schyff, gebore 14/03/1964, oorlede 25/11/1985  
Geboortedorp Klerksdorp.

**VAN GREUNEN** cheryl@lightingsolutions.co.za

My oupa was Jan Hendrick van Greunen en is met Gertruida Etesia getroud  
Geen datums beskikbaar nie. Hy was 'n polisieman in Peddie in 1938 en het daarna getrek na Graaff-Reinet waar hy in 80's oorlede is. Sy vrou, bekend as Gerry, het by Cleghorns gewerk. Hulle het drie kinders gehad, Egmont, Estelle en Marriette - almal is oorlede. Jan Hendrik het 'n suster, Joyce, gehad. Sy het na haar ma gekyk in Adendorp en toe later na Graaff-Reinet. My pa was Egmont en was met 'n engebe vrou, Patricia Cummings getroud.  
Ek is op soek na iemand wat die familie lede geken het.

## Briefies aan *Liewe Lena*

### waarop sy nie antwoorde gehad het nie

**Liewe Lena**

Ek het 'n man wat ek nie kan vertrou nie. Hy verneuk my so baie, ek weet nie eers of die kind wat ek verwag syne is nie.

**Liewe Lena**

Ek is 'n 23-jarige bevryde vrou wat al twee jaar lank op die Pil is. Dit raak nou duur, en ek dink my kêrel moet begin om die helfte te betaal. Maar ek dink nie ek ken hom goed genoeg om met geld oor hom te praat nie.

**Liewe Lena**

Ons seun skryf dat hy nou begin het om judo te neem. Hoekom draai 'n seun wat in 'n goeie Christelike huis grootgeword het teen sy eie?

**Liewe Lena**

Ek is al drie maande lank met Dries getroud. Ek het nie geweet hy het 'n drankprobleem nie totdat hy een aand nugter by die huis gekom het.

**Liewe Lena**

Twee vroue het in die woonstel regoor my ingetrek, een middeljarig en die ander een in haar vroeë twintigs. Hulle gaan oral saam en ek het nog nooit 'n man gesien wat by hul woonstel inkom of uitgaan nie. Dink jy hulle is Lebanese?

**Onthou: Hulle het almal stemreg!**



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



**Op 13 met  
'n kaal  
Anneline  
en 'n goue  
pakkie**

“Wat doen jy as jy 13 is, jy Mej. Wêreld pas kaal gesien het en jy op Naboomspruit sit met een voos gevatte kondoom in jou besit?”

Deur DANA SNYMAN

**D**is nie dat ek teen die vrylike beskikbaarheid van kondome in ons land is nie. Allermens. Ek sukkel net so half nog om daaraan gewoon te raak, want nie lank gelede nie, toe ek 13 jaar oud was en my hormone vir die eerste keer met my verstand begin bots het, was dit nog anders.

Toe was kondome nog nie-amptelik verbode in die land. Oom Dafel, die apteker op ons dorp, het hulle wel aangehou, maar jy kon nie sommer by hom instap en vir jou 'n pakkie Rough Riders of Super Sensitives kies nie.

Hulle was in 'n laai agter sy hoë toonbank, saam met die skedule 1-medisyn. Net vir grootmense.

"Ek weet waar ons effies kan kry." Ek kan Stoffel, my maat, se stem nog hoor, een middag in st. 5. "Effies? Genuine? Waar?"

"By Taki se cafe. Lotie Prinsloo sê so. Jy sê niks. Jy skiet net 'n twintigsent in die lug op, vang hom, kap hom op die counter neer, en skuif hom tot voor ou Taki. Hy sal dan weet."

Ons het op ons fietse geklim en in Vyfde Straat afgetrap, in Taki se kafee se rigting.

Dit was die jaar 1975: adv. John Vorster was die premier, die eerste TV-toetsuitsendings was aan die gang, Breyten Breytenbach is op die Jan Smuts-lughawe gearrester, Rod Stewart se Sailing was nommer 1 op die Top Twenty, Anneline Kriel was Mej. Wêreld en ou Taki was op sy pos agter die toonbank van sy kafee op Naboomspruit, geel Bic-pen agter die oor.

Sonder om 'n woord te sê, het Stoffel die twintigsentstuk die lug in geskiet, gevang, kwa! op die toonbank neergeslaan en tot voor Taki geskuif.

"What can I do for you, Sonny?" Taki het die twintigsentstuk opgetel. Stilte.

"You don'ta speak, huh?"

Stilte.

"Hey, sonny, don'ta waista my time? You don'ta speak, I don'ta hear. OK? OK?"

Ek wonder hoeveel seuns het in daardie jare muntstukke voor verdwaasde kafee-eienaars die lug in laat tol, want oral is geglo dis 'n manier om 'n kondoom gekoop te kry.

Natuurlik het dit nooit gewerk nie, dit was net een van vele stradslegendes oor kondome wat toe in omloop was.

Rubbers, ja. Of effies, velle, of goue ponde dís wat ons hulle genoem het. Ek en Stoffel het op die ou end wel ons eie, persoonlike kondoom gekry. By Simon, die man wat in ons tuin gewerk het. Waar Simon hom gekry het, kan ek nie onthou nie. Dit was so 'n goue pakkie, en ons het hom eers oopgeskeur die dag toe ons Anneline Kriel kaal gesien het.

Dit was 'n Maandagmiddag. Ek en Stoffel het vir 'n Peppadilla by Taki se kafee ingesak, en toe . . . toe lê Anneline daar op die grond voor die groenterak, op haar rug, poedelkaal, met net so 'n smal, swart strook oor haar borste, op die *Sunday Times* se voorblad.

Wat doen jy as jy 13 is, jy Mej. Wêreld pas kaal gesien het en jy op Naboomspruit sit met een voos gevatte kondoom in jou besit?

In my kamer het Stoffel vir ons begin voorlees uit James Hadley Chase se *Hippie langs die Grootpad*, wat hy onder sy broer se matras ontdek het:

"Die maan hang swanger oor die see. Hy steek sy hand uit en raak met koorsagtige vingers aan Sonja se skouer. Dit voel of 'n elektriese stroom deur hom pols. Hy kan die haartjies op sy arms voel orent kom."

Ek het die goue pakkie uit my broeksak gehaal en daaroor gestreel.

"My liefing,' sê hy en gly sy hand oor haar bors . . ."

Later kon ek dit nie meer hou nie. Met bewende vingers het ek die pakkie oopgeskeur.

En wat gebeur toe? Wel, nie veel nie: ek het die kondoom oor die wasbak se kraan gaan trek. Toe het ek die kraan oopgedraai. En toe het ek en Stoffel stil en verwonderd staan en kyk hoe hy swel en swel en bars.

En toe was dit maar net weer ons met ons onrustige gedagtes.

Ek is net spyt oor een ding: dat ek nie daardie goue pakkie gehou het nie. Ek sou hom graag nou wou laat raam en teen my muur opgehang het.

Om my te herinner hoe onskuldig ek eens op 'n tyd was.

♦ Hierdie rubriek het in 2002 in **Beeld** verskyn.

**KAMMANUUS  
VERSKYN WEER OP  
27 JANUARIE**